

Elbé van der Merwe (Studente en volwassenes)

Ouma se geheim

Haar kombuis ruik soos anysbeskuit en moerkoffie en ek kan my verwonder aan haar boekrakke met werke van *Adam Small*, *Ingrid Jonker*, *Irma Joubert* en *Hemelbesem* om maar net 'n paar te noem. Op haar mure hang foto's van ons by verskeie feeste. Daar is ons saam met Anna-Mart by die *KKNK* en hier is 'n selfie van ons twee in die gehoor van Emo se konsert by *Aardklop*. Dis terwyl ek my nog so verwonder aan die herinneringsflitse toe ek ouma hoor sê: “Kom my kind, kry solank die album. Ek sit die ketel aan. Ek kan sien jy is bietjie nostalgies, maar moenie bekommerd wees nie dit kom ons almal oor hier rondom verjaarsdae.”

'n Paar minute later sit ons elkeen met 'n beker stomende koffie in die hand op haar blou bank en ons slaan die ou leer omslag oop. Die kiekies neem haar terug na haar geboortedag waarlangs 1930 staan. “Dit was moeilike tye,” sê sy. “So midde in die resessie, maar my ouers was tawwe mense wat 'n pad sou bou waar daar nie een is nie en as dit nie daarvoor was nie was ek sekerlik nie hier vandag nie.” Dan blaai ons om en sien ouma as agtjarige op 'n perd se rug in 'n oop veld. Sy sê: “Jy sien daardie oop veld is vandag die tuiste van die Voortrekkermonument, maar daardie dag is die hoeksteen van die gebou gelê.” 'n Paar bladsye later kom ons op 'n foto af waar sy saam met 'n klompie mense posseer vir 'n foto met 'n trofee en langs die foto staan “Die eerste van baie *Cresendo* kompetisies”. Ons sien ook 'n foto van haar wat my ma se hand vashou met haar eerste tienertoneel kompetisie. Die heel laaste foto is van ons en ons kampbure, die Januaries, se kampvuurkonsert op Hartenbos verlede Desember en soos altyd is ouma voor in die koor.

Later die aand kyk ons 'n fliet van 'n vrou wat se ligaam weens eletriese skokke wat sy opgedoen het nie ouer kon word nie en dit laat my dink aan ouma. Sy is miskien 90 jaar oud en sy het die vermoë om jou al haar wonderlike herinneringe van die afgelope 90 jaar te vertel, maar sy het ook die wonderlike vermoë om haar gees jonk en nuut te hou. Sy verstaan my ma wat 55 jaar oud is net so goed soos sy vir my verstaan wat 'n student is. Nou die dag het ek haar gevra hoe sy dit regkry en haar antwoord was eenvoudig: “Luister my kind, luister. Almal – oud of jonk, wil net voel hulle word gehoor en waardeer.”

Hierdie woorde bly my vandag by waar ons ouma se 90ste verjaarsdag vier. Kompleet met 90 kersies wat my wil laat uitroep: "Hugo, bel die brandweer!" Hierdie woorde is ouma AKTV se geheim, want sy laat jou altyd voel asof sy na jou wil luister, jou wil verstaan en jou waardeer ongeag wie jy is.